

Sing vooraf staande: Psalm 32:3 (p. 152)

- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 116:1, 4 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 9:7 (p. 37)

- 7 Die hart van hul wat U bely, / sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil vertrou, / is by U veilig en behoue.

Skriflesing: Psalm 130

Teks: Psalm 130; Kategismus Sondag 2

'n Christen se lewe is altyddeur 'n lewe van selfondersoek.

- Dis 'n lewe waarin jy jousef aan jou sondes ontdek en dan met jou hele wese stry om die kwaad te oorwin.
- Dit is die agtergrond waarteen elkeen van ons in elke aanbiddingsbyeenkoms saam is.

In die Nagmaalsformulier word dit ook duidelik aan ons gestel dat alleen diegene wat hulle sondes kan bely, en hulle lewe kan sien teen die wet van God, die tasbare bewys van genade kan geniet.

- Alleen sulkes kan die maal van vergewing aan die Nagmaaltafel geniet.
- Maar dit laat ons met die vraag: Wat dan van elke erediens waar ons saam voor die Here is?
- Kan mens maar net in die kerk gaan sit en saam bid en saam sing asof daar nooit iets verkeerd is nie – of moet ek ook kom aanbid nadat ek my binnekant deursoek het?

Wat beteken selfondersoek of selfbeproeving? Kom ons sê eers wat dit nie beteken nie.

- Dit beteken nie dat 'n mens net een keer elke drie maande in 'n mindere of meerdere mate oor jou sondes moet nadink nie.

- Dit beteken nie dat ons maar vir tye mag voortlewe sonder dat ons 'n werklike perspektief op ons lewe het nie.

Dit beteken dus dat ons voortdurend ons lewens in die spieël van God se wet moet bekyk.

Die vraag oor hoe ons ons sondes ken, is een van die kortste vrae met die kortste antwoord in ons belydenis: Ons ken ons ellendes uit die wet van God!

- Maar besef ons terselfdertyd hoe moeilik dit is om volgens hierdie eenvoudige antwoord te lewe?
- Ons lewe ontaard die meeste van die tyd in felle teenstand teen die Here.
 - Ons oortree elke gebod by herhaling.
 - Dis basies dieselfde as teëpratery teen God se wil en daarom onverbloemde ongehoorsaamheid.

Glo ons dit? Nee, die meeste van ons wil dit nie glo nie.

- Baie van ons wil nie daarvan weet dat ons teen God se wet teëpratery en ongehoorsames is soos wat ons kinders aan ons ongehoorsaam is nie!
- En van belydenis doen oor hierdie sondes teenoor God is daar ook nie soveel in ons lewens soos wat daar behoort te wees nie.

Ons ken almal ons ellendes.

- Of ons praat ten minste soms oor sondes en ellendes, al besef ons nie altyd die volle diepte daarvan nie.
- As ons vra: Waaruit ken jy jou ellende? kry ons nogal taamlik verskillende antwoorde van die mense.
 - Een sê: My ervaring leer my ellende vir my. Ek worstel elke dag daarmee.
 - Dis 'n verkeerde antwoord, want hierdie antwoord het nie genoeg diepte nie.
 - 'n Tweede een sê: My gewete leer my my sondes en ellendes. Sekerlik 'n antwoord wat nog minder aanvaarbaar is as die eerste antwoord,
 - want ons is almal in 'n sekere mate gewetenloos. Daar is nie een mens se gewete wat nie al deur die sonde geskend is nie.
 - 'n Derde een antwoord dat sy hart hom leer. Dit klink werklik na 'n mooi antwoord want wie van ons ken nie die taal van die hart nie?

Maar ons belydenis sê dat dit nie kan nie.

- Jy kan jou toestand nie uit jou hart ken nie, want ons hart is net so verdorwe soos onself.
- Die Bybel leer ons dan juis dat sondes soos doodslag en owerspel en slegte gedagtes uit die hart kom.
- Ons belydenis van ons sondes kan dus nie net in ons hart gebore word nie – ons hart is net so afgestomp soos ons en het net so diep onder die sondes deurgeloop.

Waar kry ons dan 'n maatstaf om ons lewens te meet?

- Ons moet na God toe gaan. Hy is die Enigste Een wat onbedorwe gebly het.
- Hy is die Enigste Een wat glad nie deur die sondes aangetas kan word nie.
- Daarom is die wet van die Here die enigste middel wat die mens werklik kan bekeer.

Die wet van die Here wankel nooit nie.

- Die wet van die Here verander of wissel ook onder geen omstandighede nie.
- Die wet is met ander woorde die enigste maatstaf waaraan ons voortdurend ons lewe kan bly toets.

Die wet van die Here is die enigste middel wat ons voortdurend tot berou kan beweeg – só dat ons die volle werklikheid van ons sondige toestand sal besef.

Dan is dit onmoontlik dat ons kan sê dat ons net twee of drie dinge gedoen het waarvoor ons ons voor God moet verootmoedig.

- Dan sal ons hart en ons gewete ons van baie meer dinge aankla, want die wet van die Here stel ons in elke opsig skuldig.
- Daar is nie raaiwerk in die Here se wet nie. Hy gebied.

Ons noem verootmoediging ook selfbeproeving. Wat is dit?

- Selfbeproeving is dus om jou lewe in die spieël van God se wet te gaan bekyk. Selfbeproeving is dan verder ook om met dankbaarheid die Here Jesus Christus en sy kruisverdienste aan te gryp, want dan leer ek eers werklik hoeveel Hy vir my gedoen het.

Die wet leer ons om lief te hê. Jesus gee die samevatting:

Matteus 22:37: En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

Markus 12:30: en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.

Lukas 10:27: En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.

Dan sê die Here Jesus Christus dat die hele wet en die profete aan hierdie twee gebooe hang. Dis waar.

- In die plek van hierdie twee gebooe kon net sowel die Tien Gebooe gestaan het.
 - Want in die Tien Gebooe gaan dit in die eerste vier om liefde vir God en die uitlewing daarvan.
 - En in die ander ses oor liefde vir jou naaste en hoe ons in liefde met ons naaste moet lewe.

Maar daar is 'n groot verskil.

- Die Here Jesus leer ons hier dat dit nie oor hierdie of daardie gebod gaan nie. Dit gaan om die wet van God in sy geheel.
- Ons kan dit ook anders stel:

Die Here Jesus leer ons hier om al die moenies van die wet te laat staan en slegs die *moet* van die wet na te kom.

- Dit gaan nou glad nie oor die negatiewe nie: jy mag nie doodslaan nie of jy mag nie steel nie en jy mag nie egbreek nie.
- Dit gaan om die positiewe: Jy moet liefhê! Al hierdie gebooe draai om die liefde – liefde vir God en liefde vir jou naaste.

Die feit dat die Here Jesus die geboorte hier in die positiewe omkeer, laat 'n ander lig op ons lewens val!

- Die feit dat ek nog niemand doodgeslaan het nie, sê niks! As ek die kans gehad het, sou ek dit dalk kon doen.
- Miskien het ons nog net nie moord gepleeg nie omdat ons nie in die hande van die polisie wil val nie, maar in my hart brand daar haat teen 'n naaste van my.
- Die feit dat ons nog nie egbreuk gepleeg het nie, beteken nie dat ons geloof en ons naasteliefde ons daarvan weerhou het nie. Dit kan dalk wees dat ons ons net daarvan weerhou ter wille van openbare skande.

Maar as Jesus nou hierdie saak omdraai, skyn daar 'n nuwe lig.

- My naaste se vrou is syne.
 - Uit liefde wat ook terselfdertyd respek insluit, weerhou ek my van die eiendom van my naaste.
 - Anders benader, kan ons ook sê: Uit liefde vir ons eie vrouens – wat ook ons naaste is – hou ons ons eie huwelike heilig.

Gemeente van die Here Jesus Christus, sonder om elke gebod so deur te werk, is dit duidelik dat ons permanent teen die Here Jesus se liefdesgebod in sonde lewe.

- Hierdie geboorte gaan maar oor die naaste en liefde teenoor ons naaste.
- Hoeveel meer skuldig sal ons nie wees as ons die liefde tot God so benader nie.

Daar ontbreek by almal van ons baie liefde vir God, want sy Persoon en sy Woord word hoeveel keer deur ons almal teruggeskuif vir ons eie sondige belange.

- Dink maar aan hoeveel geld ons soms mors aan allerlei dinge in ons lewe en die luukse wat ons ons veroorloof, terwyl ons dan nie die kerklike bydraes gee wat ons vir die Here beloof het nie.
 - Dan moet die Here se kerk soms sy rieme maar smal sny om al sy finansiële verpligtinge na te kom.
 - Is dit werklik liefde vir God se kerk as ons so met God en sy kerk werk?

Die wet van die Here jaag ons almal. Geeneen van ons voldoen naastenby aan die eise wat God se wet vir ons stel nie. Gelukkig is daar baie genade by God.

- Die Here Jesus Christus het self die wet kom vervul.
- Daarom is die wet wat ons gelees het, nie deur Moses geskryf nie, maar deur die Here Jesus Christus.
- Moses het geskryf wat ons *nie moet doen nie*. Daarteenoor het die Here Jesus gesê wat ons *moet doen*.

Die kennis van ons ellende skenk aan ons die grootste rykdom: Die kennis van die verlossing in die Here Jesus Christus.

- Waak dus daarteen om net selfondersoek te doen wanneer dit weer tyd raak vir Nagmaal.
- Lewe soos een wie se hart elke oomblik tot Christus verhef is.
- Dan sal ons die oorweldigende liefde van God belewe.

Hierdie voltydse besinning het in ons tyd meer nodig geword as ooit tevore.

- Die einde van die tyd kom nader en daarom het dit tyd geword dat die wet van God nie meer net op papier geskryf staan nie.
- Dit het tyd geword dat die wet van God 'n belydenis word wat in ons harte neergeskryf staan.
- Daarom moet ons nou meer as ooit waak teen tradisiegodsdienste. Dink na oor ons liefde tot God en ons liefde tot ons naaste.

Jakobus het in hoofstuk 1:23-25 van sy sendbrief geskryf:

Want as iemand 'n hoorder van die Woord is en nie 'n dader nie, die is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in die spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen!

(Jakobus 1:23-25 AFR53)

Die wet van God is soos 'n goeie spieël waarin jy al jou foute sien en, as jy erns maak daarmee en jou bekeer, die genade van Christus verkry.

Moet dan nie vandag uit die kerk uitstap en vergeet hoe jou lewe lyk nie. Dis die man wat alles verloor het. Kyk om te sien en iets aan die saak te doen!

Kom ons kyk wat die Heidelbergse Kategismus hiervan leer in Sondag 2:

Vraag 3: Waaruit ken jy jou ellende?

Antwoord: *Uit die wet van God (a).*

(a) Rom 3:20.

Vraag 4: Wat eis die wet van God van ons?

Antwoord: *Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete (a).*

(a) Deut 6:5; Lev 19:18; Mark 12:30; Luk 10:27

Vraag 5: Kan jy dit alles ten volle nakom?

Antwoord: *Nee (a), want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (b).*

(a) Rom 3:10, 20, 23; 1 Joh 1:8, 10. (b) Rom 8:7; 2:3; Tit 3:3; Gen 6:5; 8:21; Jer 17:9; Rom 7:23.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 119:63 (p. 599)

63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede, / u gebooe nie vergeet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.